

FYN EN FRAAI

Dié fyn kussing en snesiehouer word met tradisionele draadtrekwerk versier – dis 'n eeue-oue metode van borduurwerk wat steeds bekoor



ONS het 'n pragtige appelkooskleurige borduurgare en roomkleur stof gekies. Borduraanwysings word vir die kussing gegee, maar die ontwerp kan aangepas word om 'n snesiehouer te versier.

KUSSING

Benodigdhede: 50 cm egalig geweefde borduurstof met 21 drade per 2,5 cm (140 cm breed); 50 cm roomkleurige satynstof (90 cm breed); 2 x 5 g string Anchor Pearl-borduurgare nr. 5 in kleur 06 (appelkooskleur); 1 string Anchor-stringgare in kleur 02 (roomkleur); 180 cm satynlint (1,5 mm breed) in appelkooskleur; 170 cm bypassende koord; 3 m roomkleur broderie anglaise-kant (9 cm breed); sponskussing; nr.-20-tapisserienaald.

Aanwysings: Knip borduurstof 50 x 50 cm groot. Merk die middel deur 'n ry rygsteke in 'n kontrasterende kleur oor die lengte en die breedte te ryg. Die diagram toon net 'n deel van die ontwerp. Pyltjie A dui die middelpunt van die ontwerp aan en kom dus ooreen met die ry vertikale rygsteke. Tel 72 drade af van die middelpunt (waar die rygsteke bymeekaarkom) en merk. Knip die volgende 10 dwarsdrade. Tel 168 drade na regs en na links van die vertikale lyn en merk. Trek elke tweede draad heeltemal uit. Trek die oorblywende drade tot by die merk en werk dit af deur dit terug te ryg tot by die buitenste rand.

Werk leersiersoomsteek (diagram 2) met drie drade van die roomkleur stringgare.

Gebruik appelkooskleur gare vir die satynsteek (diagram 1) en ook vir die vliegsteek (diagram 4). Gebruik lint vir die deurgevlegte soomsteek. Werk elke steek eers klaar oor die stof voordat jy met die volgende steek begin. Volg die steekdiagram.

Herhaal die deel wat aangedui word vyf keer na die linkerkant en werk die regterkant om ooreen te stem. Elke ry word met 'n soliede satynsteekster beëindig. Om die ontwerp te voltooi, word die stof omgedraai en die tweede deel op dieselfde manier geborduur.

Om af te werk: Knip geborduurde stof tot 1,5 cm van die borduurwerk by kante en

8 cm van die borduurwerk bo en onder; 1,5 cm word vir nate toegelaat.

Knip die agterkant ook uit borduurstof en net so groot as die voorkant. Knip twee stukke satynstof van dieselfde grootte vir die voering. Ryg regte kant van voering aan die verkeerde kant van die borduurwerk.

Stik die kort ente van die broderie anglaise aanmekaar sodat dit 'n aaneenlopende strook vorm. Ryg val in en stik met regte kante opmekaar aan die regte kant van die borduurwerk vas. Plaas agter- en voorpante teenmekaar met regte kante opmekaar. Stik, maar laat 'n klein opening. Dop na regte kant om en trek kussing oor. Werk met die hand toe. Werk koord met die hand om die binneste rand van die val vas. ●




DIAGRAM 2 ▶
leersiersoomsteek
(roomkleur)




DIAGRAM 1 ▶
satynsteek
(appelkooskleur)




DIAGRAM 3b ▶
deurgevlegte soomsteek
(lint)




DIAGRAM 3a ▶
Deurgevlegte soomsteek
(lint)




DIAGRAM 4 ▶
vliegsteek
(appelkooskleur)

